



**DIE 44^{STE} JAARLIKSE
KUNSTEFEEES**

28 Julie TOT 6 September 2025

Sluitingsdatum vir alle Inskrywings, behalwe Beeldende Kuns:

12 Mei 2025

Sluitingsdatum vir Inskrywings vir Beeldende Kuns:

18 Julie 2025

INHOUDSOPGAWE

1.	VOORWOORD	1
2.	BESTUUR 2025	2
3.	GRONDWET.....	3
4.	ONVERANDERBARE REËLS	5
5.	BELANGRIKE INLIGTING	6
6.	ALGEMENE BEPALINGS	7
7.	BEELDENDE KUNSTE.....	12
8.	FOTOGRAFIE.....	18
AFRIKAANS DRAMA AFDELING		18
9.	DRAMA.....	18
11.	WOORDSPEL	31
ENGELS DRAMA AFDELING		33
12.	ENGLISH DRAMA.....	33
13.	SPELL-CHECK.....	38
INSTRUMENTALE AFDELING		41
15.	KLASSIEKE MUSIEK	41
INSTRUMENTALE AFDELING		Error! Bookmark not defined.
16.	LIGTE MUSIEK.....	51
VOKALE AFDELING		53
17.	VOKAAL	53
18.	KOORSANG.....	63
19.	SANGSPELETJIES.....	66
20.	REVUE.....	66
21.	MEDALJES EN TROFEË.....	68

1. VOORWOORD

Liewe vriende van Centurion Kunstefees,

Die jaar 2024 was beslis oorweldig deur die Olimpiese spele en rugbymalheid. Dit was rugby, krieket, netbal en vrouesokker, atletiek, en nog honderde sporte op die kassie. Dit het my laat besef dat spanwerk sukses bepaal. Die spelers, afrigters, bestuur en toeskouers is almal ewe belangrik.

Ons het dit veral gesien toe Suid afrikaners medales hystoe gebring het, geen individu kon uitgelaat gewees het, om die ware sukses te kon bereik nie.

Die slagspreuke vat dit ook saam: "Stronger together!" of "I believe!"

Om in ons self en ons kinders se suksesse te glo, is om 'n ware wenner te wees.

Ek lees 'n aanhaling raak van Brian O'Driscoll, wat op rugby gerig is, maar op enige iets toegepas kan word, selfs in die optrede van 'n dramastuk, sang, dans of 'n kunswerk.

"Rugby is a sport that demands courage, strength and a never-give-up-attitude."

2024 was 'n baie suksesvolle jaar vir die Centurion Kunstefees. Dit was die meeste inskrywings in die afgelope 43 jaar van die Kunstefees se bestaan. Dramastukke is opgevoer, revue groepe het opgetree met pragtige kostuums en ongelooflike rekwisiete. Die kunswerke was van baie hoë gehalte en kore en sangers het pragtige musikale note deur ons ore laat klink.

Baie sertifikate met rooi linte is uitgedeel!

Kom ons pak 2025 aan - van klein tot groot - met dieselfde gesindheid en passie. Hier werk afrigters, deelnemers, ouers en afdelingshoofde ook as 'n span saam, want die een kan nie sonder die ander sukses bereik nie.

Kom ons beskou elke optrede en deelname geleentheid as 'n avontuur!

Ek laat julle met die volgende gedagte van Lizette Murray:

Jy is uniek en kosbaar.

Nes elke soort skulp sy eie voorkoms en funksie het, so kan niemand jou vervang nie.

Kunstefeesgroete

Tersia Cilliers

Voorsitter

2. BESTUUR 2025

Voorsitter	Mev T Cilliers	Tersia.cilliers4@gmail.com
O/Voorsitter	Me A Snyman	082 670 1169 (Whatsapp) amandasn@absamail.co.za
Sekretaris/Tesourier	Mev M Bos	067 784 0651 (Amptelike sel) admin@centurionkunstefees.co.za

AFDELINGSHOOFDE**VOKAAL**

Alle afdelings	Mev. L Redelinghuys	072 639 7638 (Sms/Whatsapp) krugerylouisa@gmail.com
----------------	---------------------	---

DRAMA

Laerskole Gr R - 3	Mev M Pretorius	(012) 653 4187 ((W) 082 852 7539(sms/Whatsapp) mariska@laerskoolbakenkop.co.za
En groepe		
Laerskole Gr 4 - 7	Mev T Cilliers	082 352 4927 (Sms/whatsapp) tersia.cilliers4@gmail.com
Hoërskole	Mnr P Alberts	(012) 654-3350 (W) 084 584 3909(sms/Whatsapp) drama@zwarries.co.za

REDEVOERING

Alle Afdelings	Mej. A Snyman	082 670 1169 (Sms/whatsapp) amandasn@absamail.co.za
----------------	---------------	---

WOORDSPEL/SPELL CHECK

Alle Afdelings	Mev C Smit	072 482 2771 (Sms/whatsapp) Carollove.smit@gmail.com
----------------	------------	---

ENGLISH DRAMA

Hoërskool	Mev M Bos	067 784 0651 (Whatsapp)(High school) marietjebos@gmail.com
	Mev A de Clerq	083 227 8645(Whatsapp) annekedc21@gmail.com
Laerskool grR-3	Mev C Smit	072 482 2771 (Grade R-3) Carollove.smit@gmail.com

PUBLIC SPEAKING	Me C Smit	072 482 2771 (Whatsapp) Carollove.smit@gmail.com
INSTRUMENTAAL	Mev E Brand	(012) 347-6814 (H) 082 579 1178 (Whatsapp)
BEELDENDE KUNST		
Alle afdelings	Mev A de Clerq	083 227 8645(Whatsapp) annekedc21@gmail.com
	Mev S Dry	082 680 3682 (Whatsapp) susandry@gmail.com

MOET ASB NIE 'N BESTUURSLID NA DIE SELFOON SKAKEL NIE. MEESTE VAN ONS HOU SKOOL EN KAN NIE GEDURENDE SKOOLURE 'N OPROEP BEANTWOORD NIE. STUUR 'N SMS, WHATSAPP OF EPOS ASSEBLIEF. AL DIE NODIGE INLIGTING IS DAN OP SKRIF EN MAKLIK OM TE BEANTWOORD. DIT IS OOK SOMS MAKLIKER OM 'N SMS/Whatsapp EERDER AS 'N OPROEP TE ANTWOORD. ONS WAARDEER U SAMEWERKING.

3. GRONDWET

3.1 **NAAM**

CENTURION KUNSTEFEEES

3.2 **DOELSTELLINGS**

Die Centurion Kunstefees stel hom ten doel om die uitvoerende- en beeldende kunste te bevorder deur die kunstefees te organiseer en kunstenaars die geleentheid tot openbare optrede te bied.

3.3 **TAAL**

Die amptelike taal van die Centurion Kunstefees is Afrikaans.

3.4 **LIDMAATSKAP**

3.5 Lidmaatskap word oopgestel vir:

3.6 Alle persone wat bostaande doelstellings onderskryf en onderneem om dit te help bevorder.

3.7 Alle liggame en organisasies soos skole, kore, ateljees, musiek-, drama-, en sangverenigings wat die doelstellings van die Centurion Kunstefees onderskryf en onderneem om dit te help bevorder.

3.8 Die Centurion Kunstefees kan op sy jaarvergaderings beskermhere en erelede benoem.

- 3.9 Donateurs, beskermhere en erelede het dieselfde regte as gewone lede, met die uitsondering van stemreg.
- 3.9.1 Wanneer die jaargeld meer as een kalenderjaar agterstallig is, verval lidmaatskap outomaties.

3.10 JAARGELD/AFFILIASIE

- 3.10.1 **Klein Lidmaatskap – R280.00** ('n Persoon wat 'n leerling/leerlinge afrig sonder vergoeding. Slegs 10 inskrywings is toelaatbaar.)
- 3.10.2 **Medium Lidmaatskap – R420** bv. skole en ateljees.(Drie inskrywings per item toelaatbaar)
- 3.10.3 **Groot lidmaatskap – R770.00** bv. skole en ateljees (6 inskrywings per item toelaatbaar)
- 3.10.4 **Ateljee Lidmaatskap - R420** slegs vir ateljees wat net aan een afdeling deelneem bv. Vokaal (maks 100 inskrywings toelaatbaar)
- 3.10.5 Jaargeld vir affiliasie is jaarliks betaalbaar voor of op **5 Mei.** (Laat affiliasie sal met R100 beboet word)
- 3.10.6 Jaargeld sal van tyd tot tyd na goeëdunke van die bestuur, aangepas word.

3.11 DIE ALGEMENE VERGADERING

Die hoogste gesag in sake die Centurion Kunstefees berus by die algemene jaarvergadering waarop alleen bona-fide lede van die Centurion Kunstefees sitting het. Hierdie algemene jaarvergadering word een maal per jaar, hoogstens twee maande na afloop van die Centurion Kunstefees, gehou. Op skriftelike versoek van minstens vyf lede van die Centurion Kunstefees is die Bestuur verplig om 'n buitengewone algemene vergadering te belê. Die magte en pligte van die algemene vergadering is o.a.:

- 3.11.1 Die bepaling van die beleid van Centurion Kunstefees en die opstel van die algemene bepalings vir die leiding van die Bestuur en komitees.
- 3.11.2 Die verkiesing van die Bestuur.
- 3.11.3 Die bespreking of goedkeuring (of andersins) van die Bestuur se jaarverslag.

3.12 DIE BESTUUR

- 3.12.1 Die algemene jaarvergadering dra vir die lopende kunstefeesjaar sy magte en pligte oor aan die Bestuur, met dien verstande dat Bestuursbesluite by die daaropvolgende algemene jaarvergadering of by 'n buitengewone vergadering ongedaan gemaak kan word.
- 3.12.2 Die Bestuur bestaan tans uit 'n Voorsitter, Ondervoorsitter, Sekretaris/Tesourier (Ook bekend as die Uitvoerende Beampte), en afdelingshoofde, maar kan verander word na gelang van omstandighede.
- 3.12.2.1 Die Sekretaris/Tesourier is die Hoof Uitvoerende Beampte van die Centurion Kunstefees en sal sodanige pligte en funksies vervul soos wat deur die Bestuur aan die bekleër opgedra word.
- 3.12.2.2 Die Sekretaris/Tesourier sal maandeliks vergoed word met 'n basiese bedrag wat jaarliks deur die Bestuur vasgestel word. Daarbenewens sal die persoon vergoed word vir ander kostes aangegaan, soos vervoer, telefoon, aankope, tikwerk, ens.

- 3.12.2.3 In dringende gevalle kan die Voorsitter, Ondervoorsitter en Sekretaris/Tesourier van die Centurion Kunstefees optree as dagbestuur waarvan die besluite geldig is, onderhewig aan latere bekragtiging deur die Bestuur.

3.13 DIE KOMITEES

- 3.13.1 Die Bestuur dra sy magte en pligte in sake die opstelling en uitvoering van die Centurion Kunstefeesprogram aan komitees van die verskillende afdelings oor.
- 3.13.2 Op hierdie komitees, waarvan die Bestuur na gelang van omstandighede 'n Voorsitter en/of 'n Ondervoorsitter en lede benoem, sal die Voorsitter en Sekretaris/Tesourier van die Centurion Kunstefees ex officio sitting hê en hulle sal in kennis gestel word van elke vergadering.
- 3.13.3 Voorstelle, aanbevelings, ens., van die komitees moet aan die Bestuur voorgelê word.

3.14 FINANSIES

- 3.14.1 Die boeke, rekenings, ens., van die Centurion Kunstefees moet voor die algemene jaarvergadering nagesien word deur 'n persoon wat deur die Bestuur benoem is. Die persoon sal dan 'n finansiële verslag opstel wat in die jaarverslag van die Bestuur opgeneem sal word.
- 3.14.2 Die Sekretaris/Tesourier is verantwoordelik vir alle gelde wat ontvang of uitbetaal word. Uitbetalings geskied elektronies deur die Sekretaris/Tesourier en onderteken waar nodig deur die Voorsitter.
- 3.14.3 Die Centurion Kunstefees sal hom beywer om 'n reserwefonds op te bou wat na goeë dunde van die Bestuur aangewend kan word ter bevordering van die kunste.

3.15 WYSIGING VAN DIE GRONDWET

Hierdie grondwet kan alleen deur 'n meerderheidstem op 'n algemene jaar-vergadering van lede gewysig word, op voorwaarde dat lede tesame met hul kennisgewing van die vergadering, ook kennis kry van die voorgename wysiging wat by wyse van 'n mosie deur enige lid by die Bestuur ingedien kan word.

4. ONVERANDERBARE REÛLS

- 4.1 Geen deelnemer mag buite sy/haar afdeling waarin hy/sy ingeskryf is, deelneem nie.
- 4.2 Geen vervanging van deelnemers of foutiewe spelling van name word by die beoordelaarstafel gedoen nie. Dit moet vooraf met die Sekretaris gereël word teen die datum soos deur haar bepaal. Geen naam mag deur afrieters op deelnemerskaartjies vervang word nie.
- 4.3 Geen sertifikate word uitgedeel voordat repliek gelewer is nie. Indien dit 'n baie groot afdeling is, kan dit verander.

- 4.4 Indien 'n deelnemer sy/haar tydsbeperking oorskry, sal so 'n deelnemer met 2 persentasiepunte gepenaliseer word.
- 4.5 Geen verandering en verskuiwings van items sal (bv. a.g.v. skooltoere of ander verpligtinge) gedoen word nie. Indien 'n deelnemer verkeerdelik ingeskryf is, sal dit nie reggestel word nadat die program uitgewerk is nie.
- 4.6 Geen kunswerke van kandidate wie se name nie op die oorspronklike naamlyste verskyn nie, sal beoordeel word nie. **Die deelnemerstrokie wat vooraf gestuur word moet aan die kunswerk vas wees(regter onderste hoek)**
- 4.7 Kansellasies moet verkieslik voor die bepaalde datum per epos of sms/Whatsapp aan die Sekretaris besorg word. Geen telefoniese kansellasies word aanvaar nie.
- 4.8 'n Bewys van inbetalingstrokies moet per epos gestuur word na admin@centurionkunstefees.co.za
- 4.9 'n Spesiale "Kategorie Wenner" Plakker word aan afdelingwenners gegee mits die leerling 'n A++ behaal het. Hou in gedagte dat afdelingwenners nie noodwendig trofeewenners is nie. Hierdie reël geld ook vir groepe. Indien daar slegs een deelnemer in 'n item is en 'n besondere hoë kwaliteit werk lewer sal die deelnemer op meriete ook in aanmerking geneem word vir kategoriewenner en/of 'n trofee by die gala geleentheid na die Kunstefees.
- 4.10 Punte word met 'n pen op die deelnemer se repliekvorms asook op die state geskryf, ongeag die simbool wat aan die deelnemer toegeken word.
- 4.11 Om 'n trofeewenner te wees, moet ten minste 'n A++ verwerf word.
- 4.12 Geen vuil- of kru taal mag in items gebruik word nie. Leerlinge wat kru- of vuiltaal gebruik as deel van 'n item stel sy/haar skool of ateljee daaraan bloot om deur die bestuur daaroor gekonfronteer/gediskwalifiseer te word. Voorbeelde van kru taal is as volg:
- "wat de hel..."
 - "dammit"
 - "Gatvol"
 - Enige vloekwoord van enige aard wat nie binne die konteks sin maak nie.
 - Lastering
- 4.13 By Beeldende Kuns en Fotografie Afdelings word die Prestige Toekennings Sertifikaat nie net aan die Afdelingswenners toegeken nie. Dit dien ook as 'n Aanmoedigings Sertifikaat vir leerlinge wat besondere werk gelewer het.

5. BELANGRIKE INLIGTING

- 5.1 Handleidings is per epos by die Sekretaris/ Uitvoerende beampte verkrygbaar. Dit is ook aflaaibaar van die webtuiste www.centurionkunstefees.co.za.
- 5.2 Vanaf 2015 kan u elektronies inskryf. Teken aan en registreer by

www.centurionkunstefees.co.za

'n Dokument met instruksies is beskikbaar onder "Aflaai/Downloads"
Skakel gerus met die uitvoerende beampte indien u enige vrae het

5.3 **SLUITINGSDATUMS:**

- 5.3.1 Affiliaties sluit 5 **Mei 2025**.
- 5.3.2 ALLE inskrywings, behalwe Beeldende Kuns, sluit Maandag, **12 Mei 2025**.
- 5.3.3 Sorg asb. dat u die inskrywings betyds aanlyn doen.
- 5.3.4 Sluitingsdatum vir Elektroniese inskrywings vir Beeldende Kuns is , **18 Julie 2025**.
- 5.3.5 Die kunswerke moet by die Centurion Kunsgalery ingehandig word voor 16:00 op Vrydag, **29 Julie 2025** Die beoordeling van die Beeldende Kuns vind gedurende die 1^{ste} en 2^e week van Augustus plaas. Die opening van die uitstalling vind plaas om 18:00 vir 18:30 op Donderdag, **14 Augustus 2025**.

- 5.4 **GEEN LAAT INSKRYWINGS WORD AANVAAR NIE.** Op die nuwe stelsel sal u glad nie kan inskryf na die sluitingsdatum nie! Dit is 'n baie groot administratiewe probleem as inskrywings gesluit is en die sekretaresse moet nog items byvoeg. **BEPLAN ASB U INSKRYWINGS SODAT DIT BETYDS IN IS.**

- 5.5 'n Deelnemer se graad en ouderdom word bepaal soos op 1 Januarie 2025.

- 5.6 Inskrywingsgeld moet direk of elektronies in die rekening inbetaal word. Die bewys van betaling moet die inskrywings vergesel. **GEBRUIK ASB U SKOOL/ATELJEE SE NAAM SOOS GESKEP OP DIE WEBTUISTE AS VERWYSING**

GEEN KONTANT NIE ASB.

- 5.7 **INDIEN 'N ELEKTRONIESE INBETALING GEMAAK WORD, EPOS ASB 'N AFSKRIF VAN DIE BEWYS. INSKRYWINGS WORD SLEGS ELEKTRONIES GEFINALISEER INDIEN BETALING ONTVANG IS.**

Bankbesonderhede :ABSA Lyttelton tjekrekening
Rekeningnaam : Centurion Kunstefees
Rekeningnommer : 600910701

5.8 **Rig alle korrespondensie aan:**

Die Sekretaris/Uitvoerende Beampste:

admin@centurionkunstefees.co.za

Meld asb. u **skool of ateljee** se naam as verwysing.(soos op die webtuiste geregistreer)

6. **ALGEMENE BEPALINGS**

6.1 **AFFILIASIE/Elektroniese registrasie op die webtuiste**

- 6.1.1 Alle liggame, organisasies en persone wat van voorneme is om vir die fees in te skryf, moet geaffilieer wees, m.a.w. hulle moet lede wees.
- 6.1.2 Sodra 'n privaat afrigter 10 of meer inskrywings doen, word hy/sy as 'n ateljee beskou en geld dieselfde voorwaardes soos vir 'n ateljee.

6.1.3 Geen aansoek om affiliasie sal oorweeg word tensy die volgende besonderhede verstrek is nie:

6.1.3.1 Naam van persoon of instansie wat wil affilieer.

6.1.3.2 Epos besonderhede waarheen inligting gestuur moet word.

In die geval van instansies, ook die naam van die betrokke persoon aan wie korrespondensie gerig moet word.

6.1.3.3 Telefoonnommer en selfoonnommer.

6.1.3.4 Aard van affiliasie, bv. Klein, medium, groot of Ateljee.

6.1.3.5 Besonderhede van 'n addisionele persoon.

6.1.4 Vir kontroledoeleindes sal die volgende kodes gebruik word:

A - Ateljees, bv. A001, A002, ens.

H - Hoërskole, d.w.s. leerlinge van Gr 8 - 12

L - Laerskole en kleuterskole, d.w.s. leerlinge van Gr R - 7

G - Gewone lede (slegs 10 Inskrywings)

6.2 **INSKRYWINGS EN INSKRYWINGSGELDE**

Slegs die elektroniese inskrywing van die Centurion Kunstefees is aanvaarbaar.

Sien hoofstuk 5 vir kontakbesonderhede.

6.2.1 **Aantal inskrywings en individuele items**

KLEIN LID - nie meer as 10 inskrywings IN TOTAAL nie.

MEDIUM LID - nie meer as 3 inskrywings per item nie.

GROOT LID – nie meer as 6 inskrywings per item nie

ATELJEE LID – nie meer as 100 inskrywings IN TOTAAL nie.

DAAR SAL GEEN EKSTRA AFFILIASIES TOEGELAAT WORD NIE. KEUR ASB.

U LEERDERS VOORDAT U HULLE INSKRYF. Ons handhaaf 'n hoë standaard en wil graag u beste leerders laat deelneem.

BOGENOEMDE GELD VIR ALLE AFDELINGS, BEHALWE BEELDENE KUNS

6.2.2 **Groep items**

Laerskole – nie meer as 3 inskrywings per item nie.

Hoërskole - nie meer as 2 inskrywings per item nie.

Ateljees - nie meer as 2 inskrywings per item nie.

6.2.3 Slegs leerlinge of studente wat aan 'n betrokke inrigting studeer, mag onder daardie inrigting se affiliasienommer ingeskryf word.

6.2.4 Leerlinge wat deur 'n ateljee afgerig word, mag deur die betrokke ateljee óf sy skool ingeskryf word, maar nie deur albei nie.

6.2.5 Deelnemers wat reeds CD opnames professioneel gedoen het en geld daaruit maak word nie toegelaat om deel te neem nie. Dis nie regverdig teenoor amateur deelnemers nie.

6.2.6 **Inskrywingsgelde 2025**

- Beeldende Kuns, Alle individuele items, poppekas

R100.00

- Woordspel per span van 4 R360.00
- Duo's, duette, trio's, konsertprogram, samespraak, oop afdeling R200.00
- Hoërskool Toneel R600.00
- Eie komposisie by sang en klavier R130.00

- Groepspeëls/program, eksperimentelewerk, laerskool toneel, Groepstorievertelling, Groepmimiek R400.00
- Kore, Spreekkore, Coral verse R450.00
- Revues & sangspeletjies (2 beoordelaars) R650.00

- 6.2.7 Inskrywingsgelde moet betaal wees voordat inskrywings gefinaliseer word. Stuur bewys van betaling aan: admin@centurionkunstefees.co.za.
- 6.2.8 Alle inskrywingsgelde moet direk of elektronies betaal en uitgemaak word aan: **CENTURION KUNSTEFEEES.**
- 6.2.9 Inskrywingsgelde word nie terugbetaal nie, behalwe as die wedstryd nie plaasvind nie.
- 6.2.10 Die Bestuur het die reg om enige inskrywing te diskwalifiseer.

LET WEL: Sluitingsdatum vir inskrywings is MAANDAG, 12 MEI 2025 om 00:00 en dié vir Beeldende Kuns VRYDAG, 18 Julie 2025 om 00:00. Die kunswerke moet op Dinsdag 29 Julie 2025 vanaf 14:00 tot 16:00 ingehandig word (adres sal later bekendgemaak word). Alle inskrywings vir kuns moet vooraf elektronies gedoen word en 'n deelnemerstrokies (wat u vooraf sal ontvang) moet regs onder op die VOORKANT kunswerk vasgesit word.

NB.: GEEN VERSKUIWING VAN EEN ITEM NA 'N ANDER ITEM SAL PLAASVIND NADAT DIE PROGRAM GEFINALISEER IS NIE.

DEELNEMERSTROKIES WORD UITGESTUUR VOOR DIE SKOLE SLUIT VIR DIE JULIE VAKANSIE. DIT MOET NAGESIEN WORD EN ENIGE FOUTE TERUGGESTUUR WORD AAN DIE UITVOERENDE BEAMPTTE VOOR DIE GEGEWE TERUGSTUURDATUM. GEEN VERANDERING SAL DAARNA GEMAAK WORD NIE. DIS 'N GROOT STEURING IN DIE ADMINISTRATIEWE PROSES.

NB.: GEEN LAAT INSKRYWINGS SAL AANVAAR WORD NIE.

6.3 DEELNAME

- 6.3.1 **Geen deelnemer mag vir twee agtereenvolgende jare dieselfde werk in dieselfde item lewer nie.**
- 6.3.2 Leerlinge mag nie onder meer as een graad deelneem nie. Groep items uitgesluit.
- 6.3.3 Deelnemers mag slegs een maal aan 'n bepaalde item deelneem.
- 6.3.4 Geen deelnemer mag, waar daar ouderdomsbepalings is, onder meer as een ouderdomsgroep of graad inskryf nie.

- 6.3.5 Deelnemers moet asb. betyds wees vir optrede. **Sorg dat u 15 minute vóór die tyd gereed is. Deelnemers moet dan gereed en bereid wees om op te tree. Indien nie, word hul as nie-deelnemend beskou.**
- 6.3.6 Deelnemers wat nie betyds is nie, mag gediskwalifiseer word.
- 6.3.7 Tydsbeperkings mag nie oorskry word nie. **45 sekondes grasie word gegee by alle drama items. Daarna word die deelnemer gepenaliseer met 2 persentasiepunte.**
- 6.3.8 Ouderdom soos op 1 Januarie 2025 is van toepassing.
- 6.3.9 Geen professionele deelnemers(wat bv. al 'n CD bekendgestel het en geld daaruit maak of wat al geld maak uit rolle in films en TV programme) word toegelaat nie.

6.4 **BEOORDELING**

- 6.4.1 Die beslissing van die beoordelaar in alle wedstryde is finaal en geen deelnemer of belanghebbende persoon mag deur woord of daad die beslissing van die beoordelaar beïnvloed nie.
GEEN bespreking mag dus met 'n beoordelaar gevoer word nie. Dit kan tot die diskwalifisering van 'n kandidaat lei.
- 6.4.2 Punte word vanaf C tot A++ in pen ingevul. Die simbool waardes is:
- | | | | | | | |
|-----|-----|------|---|-------------------------|---|-----|
| 90% | tot | 100% | - | Goue Seël met rooi lint | : | A++ |
| 85% | tot | 89% | - | Goue Seël met blou lint | : | A+ |
| 80% | tot | 84% | - | Goue Seël | : | A |
| 75% | tot | 79% | - | Silwer Seël | : | B+ |
| 70% | tot | 74% | - | Silwer Seël | : | B |
| 60% | tot | 69% | - | Rooi Seël | : | C |
- 6.4.3 As die werk na die beoordelaar se mening van 'n swak gehalte is, mag hy/sy weier om enige toekenning te maak.
- 6.4.4 'n Gratis beoordelaarsrapport kan slegs ná afloop van die bepaalde wedstryd aan elke deelnemer oorhandig word. **REGSTELLING VAN SERTIFIKATE NA DIE REGSTELLINGSDATUM (27 Junie 2025) BELOOP R30 PER SERTIFIKAAT.**
- 6.4.5 Bladmusiek van eie keuse werke wat aangebied word, moet slegs deur 'n leerling of deelnemer by die beoordelaarstafel ingehandig en gehaal word.
- 6.4.6 Fotokopiëring van alle gedrukte materiaal is 'n oortreding van die wet op outeursreg. Indien u enige fotokopieë inhandig vir beoordeling, sal die Centurion Kunstefees nie verantwoordelik wees vir die oortreding nie, maar die deelnemer of afrigter self.

6.5 **TOEKENNINGS**

- 6.5.1 'n Sertifikaat met rooi lint is ontwerp om as hoogste toekenning van die Centurion Kunstefees te dien. Die sertifikaat sal toegeken word aan deelnemers wat, volgens die beoordelaars, 'n hoë standaard behaal.
- 6.5.2 **Sertifikaat** sal so gou moontlik na afloop van die Afdeling beskikbaar wees.
- 6.5.3 **Wisseltrofees en medaljetrofees** word toegeken en oorhandig na die kunswedstryd afgehandel is. Toekennings sal in die toekoms by die skole afgelewer word en daar sal nie meer 'n Spesiale Toekenningsaand wees nie.
- 6.5.4 Geen deelnemer se naam of van sal op die sertifikaat verander word nie, tensy 'n afskrif van die inskrywingsvorm waarop die deelnemer se naam korrek gespel is, getoon kan word. **Kontroleer asb. alle deelnemerkaartjies sodat foute betyds deur die Sekretaris**

reggestel kan word. Afrigters mag nie name op deelnemerkaartjies verander nie. ALLE VERANDERING MOET DIE KANTOOR BEREIK TEEN 20 JUNIE 2024

6.6 PROGRAMME

Programme vir die wedstryde sal so spoedig moontlik ná die sluitingsdatum vir inskrywings opgestel en aan alle belanghebbendes per epos gestuur word. Indien programme/deelnemerstrookies nie teen **14 Junie 2025** ontvang is nie, is dit u verantwoordelikheid om navraag te doen. Programme sal ook op die webtuiste beskikbaar wees sodra die program gefinaliseer is.

6.7 KLEREDRAG

Skooldrag is opsioneel. Swart dramadrag by drama of skoolklere. **By die Drama en vokale afdeling sal geen heupbroeke (“hipsters”) en oop magies toegelaat word nie.**

6.8 WYSIGINGS

Die voorafgaande is die breë beplanning van die organisasie van die Centurion Kunstefees vir hierdie jaar. Waar omstandighede dit vereis, het die Bestuur die reg om veranderinge aan te bring. Sulke wysigings, asook alle verdere reëlins, sal met verloop van tyd aan alle belanghebbendes per epos bekend gemaak word.

6.9 PUNTETOEKENNING vir Trofeëdoeleindes

SERTIFIKAAT MET ROOI LINT	A++	-	10
SERTIFIKAAT MET BLOU LINT	A+	-	8
SERTIFIKAAT MET GOUE SEËL	A	-	5
SERTIFIKAAT MET SILWER SEËL	B+	-	4
	B	-	3
SERTIFIKAAT MET ROOI SEËL	C+	-	2
	C	-	1

- 6.9.1 Indien gelyke punte/simbole behaal is by 'n A++ of A+ word daar gekyk na die persentasie deur die beoordelaar van die afdeling gegee, om 'n wenner te bepaal. 'n Instansie moet ten minste 50 inskrywings hê om in aanmerking te kom vir enige trofee wat aan 'n instansie toegeken word.
- 6.9.2 Leerlinge mag vir elke afdeling inskryf, maar slegs die vyf beste punte word in aanmerking geneem om te kwalifiseer vir die beste individuele leerling in die Laer- en Hoërskool.
- 6.9.3 LET WEL : Daar word na die puntetoekenning volgens die 1-10 skaal gekyk. Indien 2 leerlinge dieselfde groottotaal het, word daar na persentasie gekyk.

6.10 EKSTRA DAE

In sommige afdelings sal daar ekstra gleuwe gereël word vir leerders wat agv uitsonderlike omstandighede bv siekte, nie gedurende die program kan deelneem nie. Hierdie is 'n voorreg en die volgende reëls geld:

- Geen groep items, Lees of improvisasie sal toegelaat word nie
- 'n Deelnemers wat aan die ekstra dag deelneem kan nie in aanmerking kom vir 'n kategoriewenner nie
- Geen deelnemers sal toegelaat word indien daar nie vooraf met die afdelingshoof, per epos, 'n reëling getref is nie.

- 'n Ekstra Inskrywingsfooi teen R100 kontant per item is betaalbaar op die dag van deelname OF direkte bankbetaling(Bring bewys van betaling). Ons moet 'n lokaal en 'n beoordelaar ekstra betaal vir do 'n dag.
- Inskrywings per epos vir ekstra dae sluit 2 dae voor deelname.
- Indien die leerder nie op die ekstra dag/gleuf kan deelneem nie, is daar nie nog 'n geleentheid om deel te neem nie

7. BEELDENE KUNSTE

LEES ASSEBLIEF DIE BEPALINGS SOOS HIERONDER UITEENGESIT ASOOK HOOFSTUKKE 3, 4, 5 EN 6 VOORDAT U ENIGE INSKRYWINGS INSTUUR.

LET ASB. OP DAT elektroniese INSKRYWINGS VIR BEELDENE KUNSTE SLUIT OP 18 Julie 2025. Alle inskrywings moet van 2018 af elektronies op die webblad gedoen word. Skakel die sekretaresse indien u hulp nodig het.

HANDIG KUNSWERKE IN OP 29 Julie 2025 VANAF 14:00 IN BY DIE CENTURION KUNSGALERY (of elders indien so gereël), LYTTTELTON BIBLIOTEEK. KUNSWERKE WORD OP U RISIKO INGEHANDIG.

NB: MERK ASB OP DIE INLIGTINGSTUK OF DIE LEERLING INFORMEEL DEELNEEM OF KUNSKLAS NEEM. DUI OOK AAN OF DIE LEERDER ONAFHANKLIK GEWERK HET OF ENIGSINS BYSTAND/RIGLYNE ONTVANG HET VAN U, ONDERWYSER OF enige BYSTAANDER (dit tel in die student se guns indien hierdie inligting verskaf word).

7.1 INSKRYWINGS

Afdeling A tot L: 10 inskrywings per BK-afdeling PER SKOOL/ ATELJEE.
NIE MEER AS 10 INSKRYWINGS PER ITEM NIE ASB.; WERK ONDER TOESIG VAN DIE ONDERWYSER.

7.2 GROOTTE VAN KUNSWERKE

A3<A1 (Nie kleiner as **420 x 297 mm** nie en nie groter as **594 x 841 mm** nie.)

7.3 MONTERING VAN KUNSWERKE

Daar is besluit om **geen montering van werkstukke (behalwe foto's)** toe te laat nie, aangesien die werke te swaar is en dit die uitstalling daarvan bemoeilik. Indien werkstukke gemonteer word sal dit nie vir die uitstalling kwalifiseer nie. **Indien 'n skildery op canvas gedoen is of swaar materiaal by dekoratiewe kuns gebruik word, is dit u verantwoordelikheid om 'n tou of hakkies aan te sit waarmee die kunswerk opgehang kan word**

Kram asb. die DEELNEMERSTROKIE WAT U VOORAF ONTVANG in die REGTER ONDERSTE HOEK van die kunswerk vas: (op die kunswerk, dit mag asb nie oorhang nie, anders belemmer dit die volgende student se kunswerk.)

7.4 INSKRYWINGSFOOIE

R100.00 per leerling per inskrywing. (Leerlinge wat aan meer as een BK-afdeling deelneem moet vir elke inskrywing R100.00 betaal.)

7.5 SLUITINGSDATUM (SLEGS KUNS)

Die sluitingsdatum vir inskrywings is **18 Julie 2025**.

INSKRYWINGS WORD NOU ELEKTRONIES GEDOEN BY
WWW.CENTURIONKUNSTEFEEES.CO.ZA.

Inskrywingsfooi kan inbetaal word in die bankrekening van die kunstefees. **Geen kontant sal aanvaar word nie. GEEN WERKSTUKKE OF INSKRYWINGS SAL AANVAAR WORD SONDER BETALING OF PER HAND NIE. SLEGS ELEKTRONIESE INSKRYWINGS WORD AANVAAR VANAF 2018.**

7.6 INHANDIGING VAN WERKSTUKKE

Alle inskrywings moet op **29 Julie 2025 tussen 14:00 en 16:00** by **CENTURION KUNSGALERY** ingehandig word (tensy anders vermeld)

7.7 DATUM VAN BEOORDELING

Beoordeling vind plaas gedurende die 1^e en 2^e week van Augustus 2025 in die **Centurion Kunstgalery (tensy anders gereël)**.

7.8 OPENING VAN UITSTALLING

Die opening van die uitstalling vind plaas by die Galery op h/v Cantonments weg en Union laan om 18:00 vir 18:30 op Donderdag, 14 Augustus 2025. Deelnemers, onderwysers en ouers is welkom om die geleentheid by te woon. Indien daar iets gebeur wat die uitstalling verhoed, sal ons u betyds in kennis stel. Die uitstalling sal tot 26 Augustus 2025 duur volgens die galery se tye. Kunswerke moet Vrydag 29 Augustus voor 16:00 afgehaal word by die kunstgalery.

7.9 RISIKO

Alle kunswerke sal op risiko van die insender uitgestal word. Hoewel alle redelike voorsorg vir die bewaring van die kunswerke getref sal word, sal die Bestuur geen verantwoordelikheid of aanspreeklikheid van enige aard aanvaar nie. Die Bestuur sal nie vir verlies of beskadiging aan kunswerke aanspreeklik wees nie.

7.10 Alle skilderye op **seildoek (canvas) moet van hakkies met draad** voorsien word sodat dit opgehang kan word. Geen montering nie, asseblief. Dit help nie om die draad met kleefband vas te plak nie. Dit moet met 'n hakkie/ skroefies vasgedraai wees.

7.11 AFHAAL VAN KUNSWERKE/FOTOGRAFIE

Alle inskrywings word deur bestuur vanaf 26 Augustus van die muur afgehaal en in skool- of ateljeeverband op hope gepak tesame met die sertifikate en repliekvorme vir die leerders. Reël asb. betyds dat dit opgelaai word. **Op 29 Augustus om 16:00 mag daar geen inskrywings meer in die CENTURION KUNSGALERY wees nie. Geen ouer mag sonder 'n toestemmingsbrief van die onderwyser of dosent kunswerke van hul eie of ander leerlinge afhaal en neem nie.**

TEMAS

Oorhoofste tema: Oos, Wes, Tuis, Bes/Home is where the heart is

- Afdeling A: Teken kleur
 1. Gr0-3: My gunsteling speelding/ My favourite toy
 2. Gr4-7: Bal speel in die tuin/ Playing ball in the garden
 3. Gr8-12: Ek tyd/ Me Time
- Afdeling B: Skilderkuns
 4. Gr0-3: My gunsteling speel
 5. ding/ My favourite toy
 6. Gr4-7: Bal speel in die tuin/ Playing ball in the garden
 7. Gr8-12: Ek tyd/ Me Time
- Afdeling C:Teken Monotoon
 8. Ouma en Oupa kom kuier
 1. Gr0-3: Ouma bak koekies
 2. Gr4-7: Mamma in die kombuis
 3. Gr8-12: My oupa se leeshoekie
- Afdeling D: Dekoratief
 9. Troeteldiere/ My pet(s)
- Afdeling E,F,G: 3D Beeldhou, Keramiek en Pottebakkerswerk
 10. My ma se handsak/ My mom's handbag
- Afdeling H: Reliëfdruk
 11. Speelgoed
- Afdeling I, J: Animasie en Digitale Animasie
 12. Heeltyd Speeltyd/ Play Time All the Time
- Afdeling L: Fotografie
 13. Saterdag aand se kuier om die braai vleis vuur (Nag fotografie)/ Saturday night's braai around the fire
 14. Mosaiek: Studie tyd/ Study time

Maak asb seker om die handleiding te raadpleeg vir die reëls en voorskrifte vir kuns. Ons spandeer te veel tyd om om foute reg te maak omdat die riglyne nie nagekom word nie.

AFDELING A : ILLUSTRATIEF TEKENWERK – KLEUR

Kleurpotlood, vetkryt, pastelle, oliepastel, kokiepen of kombinasie hiervan.

BK 0 : Graad 0	BK 8 : Graad 8
BK 1 : Graad 1	BK 9 : Graad 9
BK 2 : Graad 2	BK 10 : Graad 10
BK 3 : Graad 3	BK 11 : Graad 11
BK 4 : Graad 4	BK 12 : Graad 12
BK 5 : Graad 5	
BK 6 : Graad 6	
BK 5 : Graad 5	
BK 6 : Graad 6	
BK 7 : Graad 7	

AFDELING B : SKILDERKUNS

Kies **EEN** van die Mediums: 1.Gouache/ Tempera 2.Watervarf 3.Akriel 4.Olieverf 5.Lapverf 6.Gemengde media (bv. Watervarf + pen/ink)

BK 13 : Graad 0	BK 21 : Graad 8
BK 14 : Graad 1	BK 22 : Graad 9
BK 15 : Graad 2	BK 23 : Graad 10
BK 16 : Graad 3	BK 24 : Graad 11
BK 17 : Graad 4	BK 25 : Graad 12
BK 18 : Graad 5	
BK 19 : Graad 6	
BK 20 : Graad 7	

AFDELING C : ILLUSTRATIEF TEKENWERK MONOTOON

(Grys potlood, Conté, grafiet en houtskool)

BK 26 : Graad 0	BK 34 : Graad 8
BK 27 : Graad 1	BK 35 : Graad 9
BK 28 : Graad 2	BK 36 : Graad 10
BK 29 : Graad 3	BK 37 : Graad 11
BK 30 : Graad 4	BK 38 : Graad 12
BK 31 : Graad 5	
BL 32 : Graad 6	
BK 33 : Graad 7	

AFDELING D : DEKORATIEWE KUNS (Temas soos op bl 14)*(Gebruik van sade, krale, materiaal, of enige ander dekoratiewe medium)*

BK 39 : Graad 0	BK 47 : Graad 8
BK 40 : Graad 1	BK 48 : Graad 9
BK 41 : Graad 2	BK 49 : Graad 10
BK 42 : Graad 3	BK 50 : Graad 11
BK 43 : Graad 4	BK 51 : Graad 12
BK 44 : Graad 5	
BK 45 : Graad 6	
BK 46 : Graad 7	

AFDELING E : BEELDHOUKUNS (Temas soos op bl 13)

*Kan verf as versiering gebruik by **EEN** van die volgende keuses*

1. KLEI: Tuisgemaakte klei, 'air-dry' klei, plasticine klei of ander;

2. GEMENGDE BOUWERK: Papiermaché, draad en afvalmateriaal
Opboumetode/konstruksie met klei, gips, sement, draad en metale
Pottebakkersklei met bewapening/struktuur word onder beeldhou ingeskryf

3. KONSTRUKSIE: Lego/Technics

BK 52 : Graad 0	BK 60 : Graad 8
BK 53 : Graad 1	BK 61 : Graad 9
BK 54 : Graad 2	BK 62 : Graad 10
BK 55 : Graad 3	BK 63 : Graad 11
BK 56 : Graad 4	BK 64 : Graad 12
BK 57 : Graad 5	
BK 58 : Graad 6	
BK 59 : Graad 7	

AFDELING F : KERAMIEKKUNS (Temas soos op bl 13)*(Gegote vorms wat dekoratief geverf of geglasuur word)*

BK 65 : Graad 0	BK 73 : Graad 8
BK 66 : Graad 1	BK 74 : Graad 9
BK 67 : Graad 2	BK 75 : Graad 10
BK 68 : Graad 3	BK 76 : Graad 11
BK 69 : Graad 4	BK 77 : Graad 12
BK 70 : Graad 5	
BK 71 : Graad 6	
BK 72 : Graad 7	

AFDELING G : POTTEBAKKERSWERK (Temas soos op bl 13)

*(Hand- of wiel gevormde werk wat gevuur word, geverf of geglasuur word)
 Pottbakkersklei met bewapening/struktuur word onder beeldhou ingeskryf*

BK 78 : Graad 0	BK 86 : Graad 8
BK 79 : Graad 1	BK 87 : Graad 9
BK 80 : Graad 2	BK 88 : Graad 10
BK 81 : Graad 3	BK 89 : Graad 11
BK 82 : Graad 4	BK 90 : Graad 12
BK 83 : Graad 5	
BK 84 : Graad 6	
BK 85 : Graad 7	

AFDELING H : RELIËFDRUKWERK

*Graad 1 - 7: Unieke drukwerk van bv. Aartappel, Polistireen, Kurk, Lino, Marleyteël
 Graad 8 – 12: Unieke drukwerk van Hout- of Linosnee werk, ets, gravure, litografie*

BK 99 : Graad 0	BK 107 : Graad 8
BK 100 : Graad 1	BK 108 : Graad 9
BK 101 : Graad 2	BK 109 : Graad 10
BK 102 : Graad 3	BK 110 : Graad 11
BK 103 : Graad 4	BK 111 : Graad 12
BK 104 : Graad 5	
BK 105 : Graad 6	
BK 106 : Graad 7	

AFDELING I : Animasie OF gedrukte Digitale Animasie

Dieselfde reëls geld as vir Illustratief/teken of skilder

(Unieke kunswerk op 'n elektroniese applikasie geskep/ digitaal geteken en uitgedruk in kleur op A3 papier. Plagiat word gediskwalifiseer / Unique artwork created on an electronic application/ digitally drawn and printed in color on A3 paper. Plagiarism is disqualified.)

Medium : Eie keuse kunsgereedskap OF Unieke kunswerk op 'n elektroniese aplikasie geskep/ digitaal geteken en uitgedruk in kleur op A3 papier. Plagiat word gediskwalifiseer

Tema: Jou verbeelding kry vlerke / Give your imagination wings

Gr 5-12: Wys jou eie kreatuur en sy habitat. / Show your own creature in its habitat

BK 91 : Graad 5 :	BK 95 : Graad 9 :
BK 92 : Graad 6 :	BK 96 : Graad 10 :
BK 93 : Graad 7 :	BK 97 : Graad 11 :
BK 94 : Graad 8 :	BK 98 : Graad 12 :

8. FOTOGRAFIE

AFDELING L : FOTOGRAFIE

Saterdag aand se kuier om die braai vleis vuur (Nag fotografie)/

Saturday night's braai around the fire

BK 143	Graad 0-3
BK 144	Graad 4-7
BK 145	Graad 8-12

LEES ASSEBLIEF DIE BEPALINGS SOOS HIERONDER UITEENGESIT ASOOK HOOFSTUKKE 3, 4, 5 EN 6 VOORDAT U ENIGE INSKRYWINGS INSTUUR. LEES OOK DIE REËLS BY HOOFSTUK 8 BY BEELDENE KUNS.

BELANGRIK

1. SLEGS 2 FOTO'S PER LEERLING ASB @ **R100 per foto** inskrywing
2. GROOTTE VAN FOTO IS A5. MONTEER ASB OP A4 KARTON. MAAK ASB TWEE KLEIN GAATJIES LINKS EN REGS BO OM OPHANG TE VERGEMAKLIK.
3. MOET LEERLING SE EIE WERK WEES.
4. WEES KREATIEF EN OORSPRONKLIK.
5. **ELKE FOTO MOET 'N unieke NAAM/TEMA HÊ**

MONTERING VAN FOTO

Foto word op wit A4 karton geplak met Deelnemerstrokie onder in regterkantste hoek. Strokie moenie oorhang nie.

DRAMA

9. AFRIKAANSE DRAMA

LEES ASSEBLIEF DIE BEPALINGS SOOS HIERONDER UITEENGESIT ASOOK HOOFSTUKKE 3, 4, 5 EN 6 VOORDAT U ENIGE INSKRYWINGS INSTUUR.

9.1 **INSKRYWINGSGELDE VIR 2025**

9.1.1 **Inskrywingsgelde 2025:**

- Beeldende Kuns, Alle individuele items, poppekas

R 100.00

• Duo's, duette, trio's, konsertprogram, samespraak, oop afdeling	R200.00
• Eie komposisie by sang en klavier	R 130.00
• Woordspel per span van 4	R 360.00
• Groepspoësie/program, eksperimentele werk, Laerskool toneel, Groepstorievertelling, Groepmimiek	R400.00
• Kore, Spreekkore, Coral verse	R450.00
• Revues & sangspeletjies (2 beoordelaars)	R650.00
• Hoërskool Toneel	R600.00

AFDELINGS

L.W. : Aantal deelnemers vir groepitems is 10+. Alle groepitems MOET 3 dae voor optrede 'n afskrif van hulle stuk (d.m.v. e-pos) inhandig. Groep- en itemnommer moet duidelik aangedui word. Indien 'n stuk nie voor die tyd ingehandig word nie, sal so 'n groep gepepenseer word.

- 9.1.2 Spreekkore: (10+ deelnemers) Stilisties of gedramatiseerd
- 9.1.3 Eksperimentele werk: (10+ deelnemers)
- 9.1.4 Toneel (3+ deelnemers)
- 9.1.5 Groepspoësieprogram (3+ deelnemers)
- 9.1.6 Gedramatiseerde groepspoësie (3+ deelnemers) – **Slegs 1 gedig**
- 9.1.7 Samespraak met kostuum (2 deelnemers)
- 9.1.8 Groepmimiek : toneel met situasies; eie keuse; geen spraak (3+ deelnemers)
- 9.1.9 Groepstorievertelling (10+ deelnemers)

9.2 **INDIVIDUEEL****VEREISTES VIR INDIVIDUELE WERK**

- Moet by ouderdom van deelnemer pas
- Moet uitdaging aan deelnemer stel
- Tydsbeperking mag nie oorskry word nie
- Geen kostuums behalwe by Monoloog en Samespraak
- Geen Vuil taal
- Geen hipsterbroeke en oop magies

- 9.2.1 Poësie – **Geen bewegings of gebare**
- 9.2.2 Prosa – **Geen bewegings of gebare**
- 9.2.3 Gedramatiseerde Poësie -**Slegs blokke ,stoele, lere. Geen kostuums en rekwisiete**
- 9.2.4 Gedramatiseerde Prosa - **Slegs blokke ,stoele, lere. Geen kostuums en rekwisiete**
- 9.2.5 Monoloog
- 9.2.6 Improvisasie – **slegs hoërskool**
- 9.2.7 Onvoorbereide Prosa (lees)
- 9.2.8 Mimiek

- 9.2.9 Poppeteater
- 9.2.10 Voordragkonsertprogram
- 9.2.11 Redevoering
- 9.2.12 Kreatiewe advertensie
- 9.2.13 Woordspel

9.3 **ALGEHELE WENNERS**

Leerlinge mag vir elke afdeling inskryf, maar slegs die vyf beste punte word in aanmerking geneem om te kwalifiseer vir die beste individuele leerling in die Laer- en Hoërskool. Sien punte-toekenning in paragraaf 6.9.

9.4 **KLEREDRAG**

Uitdagende klere soos heupbroeke (“hipsters”) en oop magies mag onder geen omstandighede as dramadrag gedra word nie. Leerders wat dit dra, sal nie toegelaat word om deel te neem nie. Kostuums word net by sekere items, byvoorbeeld Monoloog, toegelaat, sien VEREISTES VIR INDIVIDUELE ITEMS op vorige bladsy.

9.5 **VOORDRAG**

POËSIE : Eie keuse

- Die beoordelaar sal enige deelnemer penaliseer indien sy/haar keuse van gedig nie aan die standaard vir die betrokke graad voldoen nie.
- 'n Kandidaat mag nie sy of haar gedramatiseerde prosa, of poësie, as 'n stilstaande prosa of poësie-item aanbied nie. Indien dit gebeur, sal so 'n kandidaat gediskwalifiseer word.
- Kontak die afdelingshoof indien meer inligting benodig word.
- Geen tydsbeperking maar gedigte moet asb nie buitensporig lank wees nie.

- D 1 **DOGTERS : Voorskools** : Eie keuse
- D 2 **SEUNS : Voorskools** : Eie keuse
- D 3 **DOGTERS : Gr 1** : Eie keuse
- D 4 **SEUNS : Gr 1** : Eie keuse
- D 5 **DOGTERS : Gr 2** : Eie keuse
- D 6 **SEUNS : Gr 2** : Eie keuse
- D 7 **DOGTERS : Gr 3** : Eie keuse
- D 8 **SEUNS : Gr 3** : Eie keuse
- D 9 **DOGTERS : Gr 4** : Eie keuse
- D 10 **SEUNS : Gr 4** : Eie keuse
- D 11 **DOGTERS : Gr 5** : Eie keuse
- D 12 **SEUNS : Gr 5** : Eie keuse
- D 13 **DOGTERS : Gr 6** : Eie keuse
- D 14 **SEUNS : Gr 6** : Eie keuse
- D 15 **DOGTERS : Gr 7** : Eie keuse
- D 16 **SEUNS : Gr 7** : Eie keuse

- D 17 DOGTERS: Gr 8 : Eie Keuse
 D 18 SEUNS : Gr 8 : Eie Keuse
 D 19 DOGTERS : Gr 9 : Eie Keuse
 D 20 SEUNS : Gr 9 : Eie Keuse
 D 21 DOGTERS : Gr 10 : Eie Keuse
 D 22 SEUNS : Gr 10 : Eie Keuse
 D 23 DOGTERS : Gr 11 : Eie Keuse
 D 24 SEUNS : Gr 11 : Eie Keuse
 D 25 DOGTERS : Gr 12 : Eie Keuse
 D 26 SEUNS : Gr 12 : Eie Keuse

9.6 SPREEKKORE

- Daar word onderskei tussen **stilistiese spreekkore** (eie keuse) en **gedramatiseerde spreekkore** (eie keuse).
- Indien u vir altwee afdelings inskryf, **spesifiseer die itemnommer duidelik**.
- Een groep mag nie twee maal in dieselfde afdeling deelneem nie.
- By die **stilistiese spreekkoor** moet die leerlinge slegs hulle stemme gebruik. Hulle mag wel gebruik maak van klanknabootsing maar **dit mag nie die gedig oorheers nie. Geen bewegings of handgebare word toegelaat nie!** Geen instrumente mag gebruik word nie. 'n Suggestie van kostuums mag gebruik word.
- By die **gedramatiseerde spreekkoor** kan u gebruik maak van bewegings, byklanke, musiek, handgebare en kostuums. Spreekkoor-aanslag moet behou word.
- Tydsbeperking: **Maksimum tyd 5 min.**
- **10+ deelnemers (in beide afdelings).**
- Let daarop dat groepering en stemme spreekkoor-gebonde moet wees by gedramatiseerde spreekkoor.
- **NB.:** Alle groepitems moet 3 dae voor optrede 'n afskrif van hulle item e-pos na mariska@laerskoolbakenkop.co.za. Dui groep- en itemnommer aan.
- **Indien nie betyds ingehandig word nie sal so 'n groep gepeenaliseer word met 'n simbool.**

Maksimum tyd : 5 minute

- D 27 SPREEKKOOR : Gr 1 & 2 - Eie keuse
 D 28 GEDRAMATISEERDE SPREEKKOOR : Gr 1 & 2 – Eie keuse
 D 29 SPREEKKOOR : Gr 3 & 4 – Eie keuse
 D 30 GEDRAMATISEERDE SPREEKKOOR : Gr 3 & 4 – Eie keuse
 D 31 SPREEKKOOR : Gr 5, 6 & 7 – Eie keuse
 D 32 GEDRAMATISEERDE SPREEKKOOR : Gr 5, 6 & 7 – Eie keuse
 D 33 Hoërskole
 Eie keuse – stilisties
 Eie keuse – gedramatiseerd

